

21 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 24:1-21

Christendom en Jodedom

Paulus is in 'n hofgeding betrokke. Feliks is die Romeinse regter, 'n afvaardiging van die Joodse Raad is die aanklaers en Tertullus hulle advokaat. Paulus, die beskuldigde, neem sy eie verdediging waar. Dit is hoofsaaklik twee klagtes wat teen Paulus ingebring word, dié van oproermakery en tempelontheiliging. Twis en stryd onder die Jode kan die orde in die Ryk in gevaar bring en die goewerneur se posisie bedreig. Hy moet dus Paulus as 'n staatsvyand veroordeel. Ook die klag van tempelontheiliging het politieke ondertone. Die Romeine het in die algemeen die heiligheid van die tempel eerbiedig. Ongemagtigde betreders (heidene) kon die delikate verhouding tussen die Jode en die Romeine omvergooi.

Paulus, wat die waarheid aan sy kant het, weerlê die vals beskuldigings kragtig. Hy doen dit op 'n waardige wyse. Dit gaan nie net om sy saak nie, maar ten diepste is dit die evangelie van Jesus wat in die beskuldigdebank is. Paulus sê ronduit dat hy die God van sy voorvaders dien en dat hy steeds alles glo wat in die wet en die profete staan (vers 14). Om Christus te volg, is die logiese voortsetting van die godsdien van die vaders. Die kloof tussen Jode en Christene is nie onoorbrugbaar nie. Die Christendom groei vanuit die godsdien van die Ou Testament. Christus is uit die hart van die God van Israel gebore en die Nuwe Testament het soos 'n loot uit die Ou Testament voortgespruit. Die sending aan die Jode sal altyd hiermee rekening moet hou. Andersyds is dit ook waar dat daar is geen versoening buite Jesus Christus nie. God se Woord word nooit gepreek sonder 'n uitwerking op die hoorders nie. Die swaard van die Gees wond altyd. As dit nie tot die lewe is nie, dan tot die dood. Dit is die ernstige implikasie van die spel wat Feliks met die evangelie van die kruis speel. Laat ons geen fout maak nie. Die klag dat die Bybel my nie raak, is 'n leuen. Die tweesnydende swaard van die Gees raak my altyd, tot die lewe of tot die dood. As ons die Bybel lees, ook in ons gesin, moet ons weet, ons staan nou op heilige grond.

Sing: Psalm 62:4

Prof F Denkema (Potchefstroom)